Oktoberfees

Wat 'n heerlike, vrolike feesoggend het ons belewe. Die Susters is dankbaar vir almal wat deel gehad het hieraan. Die koek, die pannekoek, kerrie en rys. Poeding, witolifant, gesellige restaurant in die ou kerkie en die verrassing, heerlike worsbroodjies wat Dina en Neels versorg het. Aan een en almal wat ons ondersteun het en almal wat hard gewerk het. Baie dankie. ***Nelly nms Susters***

BAIE DANKIE! Aan elke persoon wat Saterdag by die pannekoeke gehelp het, 'n GROOT dankie. Julle was sterre. Ook tannie Marie Badenhorst wat help bak het, *baie dankie. Marlise Stoop* (Sameroeper)

Die spesiale kollektes in November 2021 gaan vir:

Sondag	7 November	**Emeritaatsversorging**
Sondag	14 November	Emeritaatsversorging
Sondag	21 November	Uitdra van Evangelie
Sondag	28 November	Thusofonds

Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om in hierdie grendeltyd u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word. Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**.
Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: FNB Potchefstroom.

DIE KERKBLAD Die jongste uitgawe van Die Kerkblad is beskikbaar vir intekenare in die saal. Daar is ook 'n aantal gratis eksemplare beskikbaar vir lidmate wat belangstel en dan moontlik wil inteken. Besonderhede is by Prof Callie of by ouderling Pieter Aartsma beskikbaar.

EERSTEJAARSKAMP GEREFORMEERDE KERK CACHET

EERSTEJAARSKAMP

VOORLOPIG 25 – 30 JANUARIE 2022
Vir navrae: Frikkie + 27 (79) 695 0119 of Germani + 27 (81) 252 5818



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 37, nr 42 Sondag 7 November 2021
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste Huis Eikelaan om 15:30: Ouderling wyk 11 **Lappies Labuschagne** en wyk 12 **Nico Spaumer.** Diaken: Wyk 11 en Wyk 12 **Gert Kruger (jnr).**

EREDIENSTE Oggenddiens waargeneem deur prof Callie Coetzee

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddienste om 9:30: Eredienste ook per whatsapp

Die sakrament van die doop word vanoggend aan **Hendrik**, seuntjie van **Deon en Cecila du Plessis**, bedien. Ons is as gemeente saam met u, en ook saam met Hendrik se ouma, Amanda en oumagrootjie, Lily Pretorius baie dankbaar op hierdie besondere dag. Hartlik welkom aan gaste van die familie!
Prof. Callie sal in die Woordbediening voorgaan en ds. Jannes sal die sakrament van die doop bedien.

Woordbediening: Openbaring 7.
Sing: Vooraf Skrifberyming 9: 1, 3 (Tema 18 - 1)
Tydens die erediens: Skrifberyming 8: 1, 2 (Tema 5 - 3); Psalm 25: 6; Skrifberyming 33: 1 (Tema 2 - 4); Psalm 102: 12; Psalm 105: 5; Skrifberyming 12: 3 (Tema 6 - 2) (tweede melodie van Psalm 18).

AAND:18:00. **Woordbediening:** Matteus 16
Belydenis: NGB Art. 10. **Sing vooraf:** Psalm 84: 1, 4.
Tydens die diens: Psalm 36:2, 3; Skrifberyming 51:1, 3 (Tema 3 -1; Skrifberyming 5: 1, 2 (Tema 4 - 8).

Kollektes vanoggend: ***Diens van Barmhartigheid*** in die blou sakkies en vir ***Emeritaatsversorging*** in die rooi sakkies.
Vanaand: *Diens van Barmhartigheid (blou)*en *Kerkkas (rooi)*
21 November word DV die Heilige Nagmaal bedien.

LIEF EN LEED

Ons dank die Here vir beterskap by **Annemarie Steyn** Sy word egter Woensdag weer in die hospitaal op Klerksdorp opgeneem vir 'n prosedure om bloeding in haar been te stop. Die bloeding het ontstaan toe sy onlangs 'n stent moes ontvang. Ons bede is dat die prosedure suksesvol sal verloop.

Cecile Snyman is in die versorgings-eenheid van Eikelaan opgeneem, nadat haar gesondheid verswak het. Ons bede is dat ons hemelse Vader weer herstel van haar kragte sal gee.

Lina Minnaar moes verskuif na 'n enkelkamer in die Suidblok van Eikelaan. Ons bede is dat ons hemelse Vader haar ook daar in sy liefde sal dra.

Susan Nortjé het die afgelope week ’n neurologiese ondersoek in Klerksdorp en later ’n kardiologiese ondersoek in Vereeniging ondergaan. Sy moet Woensdag wéér die neuroloog in Klerksdorp sien en moontlik ook ’n internis. Die kardioloog het bevind dat Susan onlangs ’n bloedklont gehad het wat deur haar long gegaan het. Ons verseker Susan en Koos van ons voorbidding.

Karel Marais het Vrydag ’n afspraak met die spesialis in Medikliniek gehad met die oog op ’n operasie wat hy later sal ondergaan. Ons verseker ook Karel en Suzie van ons voorbidding vir hulle.

Jan van der Schyff moet in die afsienbare toekoms ’n ondersoek deur die spesialis ondergaan. Ons verseker Jan van ons voorbidding.

May Vorster het Vrydag ’n opvolg-ondersoek deur die ortopediese chirurg ondergaan ná haar skoueropersie van ’n klompie dae gelede. Ons is saam dankbaar vir die beterskap en lewenskwaliteit wat May uit die Here se hand deur hierdie operasie ontvang.

Japie van Jaarsveld ontvang binnekort sy laaste bestraling. Hy moet dan oor twee weke weer ’n afspraak met die onkoloog nakom sodat die behandeling vorentoe bespreek kan word. Ons verseker Japie en Christa van ons voorbidding vir hulle.

Helene van der Merwe is Maandagmiddag oorlede. Die begrafnis het gister op Wakkerstroom plaasgevind en die troosdiens vind DV Dinsdagoggend om 11:00 vanuit ons kerkgebou plaas. Ons bid **Theo en Magda** en hulle familie die ryke vertroosting van ons Here toe.

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardae. Mag dit vir u en u dierbares ’n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

7 Nov	**Marlet Baptista,**. Wyk 5
8 Nov	**Tillie Stander**.
10 Nov	**Saartjie Badenhorst,** Wyk 2
11 Nov	**Piet Aartsma,** Wyk 2
13 Nov	**Fanie Coetzee,** Wyk 11

VAN ONS KERKRAAD

Geroep tot die diens van ouderling

Die name van **Kobus Havenga** en **Gerhard Willemse** word ter approbasie aan die gemeente voorgehou vir die diens van ouderling. Indien die broers die roeping opvolg, sal hulle DV op 14 November in die diens bevestig word.

Katkisasie	**Vandag**	**Sondag 14 November**
Lesrooster: **Psalmvers:**	Les 22 en Sondag 22 Psalm 32: 1	Les 23 en Sondag 23 Psalm 33: 2
Katkisasie toesig:	Ouderling wyk 11: aflos Ouderling wyk 12: aflos	Ouderling wyk 13: aflos Ouderling wyk 14: aflos

- Die Belydenisklas sal op **25 en 26 November** vanaf **09:00-12:00** hulle katkisasiesillabus afhandel. Hiérdie reëling is as gevolg van die eksamen wat vir hoërskoolleerders ook ’n aanvang neem. Ná die eksamen, sal ons die katkisasiewerksaamhede afhandel

BYBELSTUDIES

Di	9/11	15:00	Huis Eikelaan	**In die rooi sitkamer**
Wo	10/11	18:30	Jeugkamer	Daniël 10
Do	11/11	09:30	Konsistorie	Handelinge 9